

Geagte president en lede,

Wanneer 'n mens luister na die jaarverslag soos pas deur ons President gelewer, is daar 'n paar gedagtes wat onwillekeurig by 'n mens opkom.

- Ten eerste besef 'n mens hoe toegewyd hy is aan sy taak as President
- Jy besef ook met hoeveel passie en liefde hy sy taak uitvoer
- Dit is ook glashelder dat hy vir homself baie duidelik mikpunte gestel het te wete
 - : die herstel en eenheid binne in die Genootskap
 - : die duidelike daarstel waarheen die Genootskap moet beweeg en ontwikkel
 - : ontwikkeling van die jeug
 - : bedagsaameheid teenoor lede en ontwikkeling daarvan tussen lede
 - : die hervestiging van integriteit binne die Genootskap
 - : bevestiging van sportmanskap binne ons Genootskap
 - : optrede teenoor mekaar
 - : handhawing, nakoming en respek vir neergelegde reëls

Wanneer 'n mens na al bogenoemde mikpunte kyk besef jy wat 'n groot taak President Piet vir homself en vir die Genootskap daargestel het en met waardering besef jy ook hoe ver ons reeds op sy neergelegde pad gevorder het.

Dit is dus vir my 'n voorreg en eer om sy Jaarverslag en Voorsittersrede te sekondeer en die aanname daarvan voor te stel,

Graag bedank ek ook die Skou Komitee lede vir hul hulpvaardigheid in 2013

Die Skou Komitee het ook goedgevind om in 2013 drie lede te kwoteer naamlik

| | | |
|----------------|---|-------------------------|
| Nick Jooste | – | Stalle & Trofees |
| Mariaan Theron | - | Skou Program + Dresseer |
| Mark Filter | - | Verbode Middels |

Minimum Klaslys moes hersien word om by ons huidige skou klasse aan te pas

Verbode Middels – Bloedmonsters sal weer die jaar geneem word tydens 2013 SA Kampioenskappe. Koste beloop R1300 per bloed monster

Graag wil ons Mev Elize Prinsloo bedank, dat sy die jaar se streeks skou bygewoon het. Asgevolg van finansiële kostes is dit nie meer vir die Genootskap loonend as sy die streeks skoue bywoon. Klubs mag wel aansoek doen dat Mev Prinsloo hul streeksskoue bywoon maar teen eie koste

Vanaf Skou Komitee af wil ons die klubs bedank vir hul samewerking en geluk toewens vir suksesvolle Streeks Skoue wat in 2013 plaasgevind het

Alle skou nommers en klasbewoording is landswyd vanaf 2013 dieselfde

AJV voorstel om verspreiding van Universeel en Tradisionele Klasse na oggend en middag is nie uitvoerbaar a.g.v. botsings

Alle klasse wat lede op 2012 se AJV bespreek het van bo 5jaar en onder 5 jaar is die jaar beskikbaar op die skouprogram

Die tydelike skouprogram wat op die webblad geplaas was, moes minimaal verander word a.g.v. inskrywings getalle.

Daar was 'n versoek gerug deur Mnr Jannie Jacobs om die AJV na die aand te skyf, die Skou Komitee en Raadslede het die voorstel oorweeg maar dit was prakties nie moontlik nie. Vermeerdering van skou klasse veroorsaak dat ons soos in die AJV van 2012 versoek is om laat in die aand te skou

Kruis inskrywings – lede en deelnemers ken nie die reëls en sodoende vind vele kruis inskrywings op skoue plaas. Voorstel vanaf Skou Komitee is om een perd, een ruiter per dissipline, sodoende sal kruis inskrywings voorkom word, en dis maklik om te onthou. Hiermee vra ek U Toestemming

Nominansies vir beoordelaars moet hersien word as ons aangaan met High - Low sisteem

Bemaking van Nasionale Kampioenskap 2013 soos deur AJV versoek is, was nie moontlik a.g.v. finansies.

Skou program – wat tans gebruik word het eie foute. Daar word ondersoek ingestel om die skou program van SANESA in werking te stel, u sal op hoogte gehou word. SANESA programmeerder het ons hele SA Skou program geneem om te toets of program gaan werk.

Beoordelaars – daar was 'n voorstel van die Raad dat gekwalifiseerde SA Boerperd Beoordelaars vrywillig tydens streek skoue sal beoordeel om die High – Low vir die streke goedkoper te maak en sodoende kan Junior beoordelaars hul kursusse voltooi

Ster Hings – het deel gevorm van die Nasionale Skou, en soos u weet sal daar tydens 2013 se SA Kampioenskappe ons eerste Ster Hings Vul klas aangebied word. 27 Ster Hings vullens is reeds ingeskryf vir die klas van 2013. Ons vra graag u samewerking om die Ster Hings Vul Kompetisie positief en Winsgewend te hou daarmee bedoel ons om u hingste vir ons bloot te stel en aan te bied